higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N6

(Eerste vraestel)

(9090176)

8 September 2020 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

017Q1B2008

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N6
(Eerste vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal net die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.

2. Beantwoord enige DRIE van die vier in AFDELING B.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Definieer elk van die volgende terme:

1.1.1 Angina pectoris

1.1.2 Embolisme

1.1.3 Laringitis

1.1.4 Hemofilie

1.1.5 Ataksie

1.1.6 Afteus stomatitis

1.1.7 Otitis externa

1.1.8 Amenoree

1.1.9 Oligomenoree

1.1.10 Dismenoree

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.2.1 Inflammasie is 'n beskermende reaksie op besering.

1.2.2 Pasiënte wat aan tinnitus ly kan niks hoor nie.

1.2.3 Menopouse is normaal by jong vroue wat vrugbaar is.

1.2.4 'n Kolposkopie is 'n ondersoek van die kolon.

1.2.5 Identiese tweelinge is monosigoties.

1.2.6 Disigotiese tweelinge is geneties identies.

1.2.7 'n Ektopiese swangerskap kom voor wanneer 'n eier hom binne die uterus inplant.

1.2.8 Die term gravida verwys na 'n swanger vrou.

1.2.9 Placenta previa is wanneer die plasenta die moeder se serviks gedeeltelik of heeltemal bedek.

1.2.10 Idiopatiese hipertensie het 'n bekende oorsaak.

(10 × 2) (20)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem SEWE aansteeklike kindersiektes. (7)

2.2 Noem AGT tekens wat kan help om 'n gevaarlike moesie te identifiseer (8 × 1) (8)

2.3 Bespreek VYF redes waarom dit belangrik is om pyn te voel, en die gevare as jy dit nie voel nie (5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 3

3.1 Gee DRIE woorde wat gebruik word om die eienskappe van pyn te beskryf. (3)

3.2 Noem VIER maniere waarop patogene kan versprei (oordragwyses). (4)

3.3 Bespreek AGT maniere hoe epistakse behandel moet word. (8 × 1) (8)

3.4 Noem VYF gevolge van die misbruik van antibiotika. (5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 4

4.1 Noem DRIE simptome van inflammasie. (3)

4.2 Noem VIER soorte verlamming. (4)

4.3 Noem AGT maniere waarop die verspreiding van die siekte verhoed kan word wanneer jy verkoue is. (8 × 1) (8)

4.4 Bespreek VYF redes waarom gesondheidsowerhede oor sekere gesondheidstoestande ingelig moet word. (5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 5

5.1 Noem SEWE simptome wat 'n siekte van die spysverteringstelsel aandui. (7)

5.2 Noem AGT goed wat die publiek kan doen om die ontwikkeling van weerstand teen antibiotika te voorkom. (8 × 1) (8)

5.3 Gee VYF redes waarom borsvoeding aangemoedig moet word. (5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou